

Underdog

Barak en Debora

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 11 Oktober 2026

Verlede week was ons in die Persiese Ryk van Ahasveros, in die vyfde eeu v.C. Vandag stap ons eeue verder terug na die tyd van die rigters, breedweg tussen ongeveer 1200. en 1020 v.C. Dit is in die voor Israel konings, in 'n wêreld van stamme, plaaslike leiers en bedreigings. Die verhaal van Barak en Debora.

Maar om die verhaal van Debora en Barak te verstaan, moet ons eers teruggaan na 'n vorige toneel. En dit is nie 'n toneel vir die flou van hart “faint-hearted” nie. Ons verhaal begin met ...

'n Storie oor ontrouheid, 'n linkerhand, 'n vet koning en tagtig jaar vrede

Israel is weer ontrou aan die Here. In Rigters word vertel hoe Eglon, die koning van Moab, mag oor Israel kry. Met hulp van die Ammoniete en Amalekiete neem hy Jerigo, die Palmstad, in. Die Israeliete is agtien jaar lank aan hom onderworpe. Wanneer hulle tot die Here roep, wek Hy 'n redder op: Ehud, 'n Benjaminiet. Die vertelling voeg die interessante detail by: Ehud was linkshandig.

Ehud en sy metgeselle gaan om belasting aan koning Eglon te oorhandig. Eglon is, soos die teks, sonder om doekies om te draai, dit baie onomwonde stel, “'n baie vet man.” En as die Bybel sê iemand is baie vet, dan is hy baie vet. Maar natuurlik het 'n mens nie 'n teksvers nodig om te bevestig dat jy oorgewig is nie, 'n badkamerskaal het, wat gewig betref, net soveel gesag as die Bybel, om die waarheid sê, selfs meer gesag as die Bybel.

Ehud en sy metgeselle oorhandig die belasting. Wanneer sy metgeselle vertrek het, keer Ehud terug na waar koning Eglon alleen in 'n koel bovertrek is, en hy sê vir die koning: “Ek het 'n boodskap van God vir u.”

Wanneer koning Eglon opstaan, gryp Ehud met sy linkerhand die swaard wat aan sy regterkant versteek is en steek die koning in die maag. En grusaam sê die vertelling dat nie net die lem nie, maar ook die hef van die swaard wegsink in die vet sodat Ehud nie die swaard kan uittrek nie, omdat “die koning se ingewande ... bo-oor die handvatsel by die wond uitgepeul” het (3:22).

Die koning se amptenare wag; hulle dink die koning is in die toilet en dit vat 'n bietjie lank. Toe dit te lank neem, sluit hulle die deur oop en kry hom dood op die vloer. Intussen ontkom Ehud, blaas die ramshoring en roep Israel bymekaar.

Ehud roep die Israeliet op en hulle verslaan Moan se leër. So word Israel, wat in hulle verdrukking na God geroep het, bevry deur 'n redder wat linkshandig is en sy swaard in die maag van 'n baie vet koning agterlaat.

Die gevolg is 'n lang tyd van rus.

Rigters 3:30

Moab is daardie dag deur Israel onderwerp, en daar was tagtig jaar lank vrede in die land.

Een man se dapperheid, een man se invloed wat vir tagtig 'n vrede in die land bring.

En so wonder ek wat is die effek van *my* lewe.

Romeine 14:7-8

Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. As ons lewe, leef ons tot eer van die Here, en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Paulus herinner ons oor en oor dat ons lewe 'n effek het op ander mense, ten goede of ten kwade.

Galasiërs 6:9-10

9Laat ons dan nooit moeg word van goed doen nie, want as ons daarmee aanhou, sal ons die vrugte daarvan pluk as die regte tyd aanbreek het. 10Daarom moet ons aan almal goed doen, veral aan ons mede-Christene solank ons nog die kans het om dit te doen.

Kolossense 4:5

Gedra julle verstandig in julle aanraking met mense wat nog nie Christene is nie en maak die beste gebruik van elke geleentheid wat julle kry om invloed op hulle uit te oefen.

Ná Ehud se dood, lees ons weer hoe afvallig die Israeliete word ...

Rigters 4:1-2

Na Ehud se dood het die Israeliete weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Die Here het hulle oorgegee in die mag van koning Jabin van Kanaän wat in Hasor geregeer het. Sisera uit Garoset-Gojim was die hoof van Jabin se weermag.

Die Israeliete leef ver van God af en hulle ontrou haal hulle in. 'n Magtige vyand, met 'n groot leer beset hulle land. Hulle het nie 'n kans nie. Hulle het nog nie 'n sentrale "regering," 'n koning, of 'n weermag nie, hulle leef met stamleiers. Die Kanaäniete is 'n absolute oormag. *Top dogs* en *underdogs*.

Vers 3 is soos 'n hele preek ...

Rigters 4:3

Hy het nege honderd ysterstrydwaens gehad ...

Die *top dog* is magtig. Die *underdogs* het nie 'n kans nie. Die oorwinningslied in Rigters 5 beskryf hoe die hoofpaaie onveilig geword het en reisigers sypaaie moes kies (5:6). Die mense leef in vrees. Wat kan hulle doen teen 'n magtige leer? Ehud is dood. Die volk word vertrap.

Rigters 4:3

... hy het die Israeliete twintig jaar lank swaar verdruk.

Dit lyk of daar geen uitkoms is nie. Twintig jaar aanmekaar ... Alles is donker. Maar dan lees ons die res van vers 3 ...

Rigters 4:3

En die kinders van Israel het die HERE aangeroep ...

Miskien is dit wat jy vandag moet doen. Miskien moet jy hoor wat die psalmis sê ...

Psalm 50:15

... roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.

Wanneer mense begin bid, begin onverklaarbare dinge gebeur. Die volgende sin in die verhaal, Rigters 4:4, begin met die woorde:

Rigters 4:4

In daardie tyd ...

O, wanneer 'n mens die Here waarlik begin aanroep, word dit *daardie tyd*. Dit is steeds die tyd van krisis, ja. Dit is steed die tyd van 'n oormag, ja. Maar dis die tyd van gebed. Van dringende, ernstige, neerbuig, omdraai, gesprek, ontmoeting met die God wat lag oor negehonderd waens. Die tyd van gebed. Die tyd dat jy soek na God se planne, hunker na God se verrassings, wag vir God se ingrypings.

En so word die verhaal ...

'n Storie oor 'n vrou onder 'n palmboom

Rigters 4:4-5

In daardie tyd was Debora, die vrou van Lappidot, die leier van die Israeliete. Sy was 'n profetes. Sy het altyd onder die Deborapalm in die Efraimsberge tussen Rama en Bet-El gesit, en die Israeliete het daarheen gekom sodat sy hulle geskille kon bylê."

Hier en daar, maar baie selde, in die geskiedenis van Israel se patriargale bestel het 'n vrou as leier na vore getree. En hier is 'n vrou. Onder 'n boom. En die volk weet, sy sal sê wat reg is. Rigters 5 noem haar "'n moeder in Israel." Hoe nodig is sulke vroue nie.

Debora laat Barak, 'n jongman, roep en sê vir hom ...

Rigters 4:6-7

Het die HERE, die God van Israel, nie bevel gegee nie: **Gaan**, trek na die berg Tabor, en neem tienduise man van die kinders van Náftali en van die kinders van Sébulon met jou saam? **7dan sal Ek** Sísera, die leërowerste van Jabin, met sy strydwaens en sy menigte na jou, na die spruit Kison trek, en Ek sal hom in jou hand gee.

Gaan jy ... dan sal Ek ...

Miskien is dit waar jy vandag is. Dalk wag jy dat God sal, maar God wag dat jy sal gaan. Gaan jy, dan sal Ek ...

Soos die Israeliete by die Beloofde land. Maar voor hulle is die Jordaanrivier wat in vloed is en oor sy oewers loop. En ook daar is God se opdrag:

Josua 3:12-13,15-16

12Wys nou twaalf man aan uit die stamme van Israel, een uit elke stam. 13Wanneer die voetsole van die priesters aan die Jordaan se water raak, die priesters wat die ark van die Here dra, die Here van die hele aarde, sal die water van die Jordaan wat afkom, afgesny word en op een hoop gaan staan... 15en net toe die draers van die ark by die Jordaan kom en die priesters wat die ark dra, hulle voete aan die kant van die water insteek, terwyl die Jordaan vol was op al sy walle al die dae van die oes, 16bly die water staan wat van die bokant afkom: dit het opgerys soos een wal ...

Tien melaatses het dieselfde ontdek dit ook ... Gaan jy ... dan sal Ek ...

Lukas 17:13-14

13En hulle het hul stem verhef en gesê: Jesus, Meester, wees ons barmhartig!

14En toe Hy hulle sien, sê Hy vir hulle: Gaan vertoon julle aan die priesters. En **onderwyl hulle weggaan, het hulle rein geword.**

(as they went, they were cured—Amp)

'n Storie oor 'n vrou onder 'n boom. 'n Vrou wat soek na die stem en die wil van God. 'n Vrou wat weet dat die Here iemand soek om 'n tree te gee.

Gaan jy ... dan sal Ek ...

En wat antwoord Barak, die *underdog*? Een jong man wat deur twee streke moet gaan trek, en ná twintig jaar onder 'n magtige vyand se verdrukking tienduisend vrywilligers moet bymekaarmaak om te veg teen 'n vyand met honderde ysterwaens?

Hier, met Barak se antwoord, word die verhaal ...

'n Storie oor yster en Gees

Rigters 4:8

Maar Barak sê vir haar: As u met my saamtrek, sal ek gaan; maar as u nie met my saamtrek nie, gaan ek nie.

“Tannie Debora, moeder van die volk, ek weet ek moet tienduisend manne gaan bymekaarmaak. Maar daar kort een vrou.”

'n Mens kan jou voorstel hoe die manne hom koggel. “Wat gaan aan met jou? Oorlog is nie 'n plek vir tannie Debora nie. Laat haar onder die boom sit met die Bybel.”

Is Barak bygelowig? Is hy 'n swakkeling? Is hy onverantwoordelik om 'n vrou aan sulke gevaar bloot te stel?

O nee. Sy oë is oop om dinge te sien soos dit werklik is. Daar is iets baie sterker as ysterwaens.

Barak verstaan meer as net militêre strategië. Hy verstaan iets van die geestelike krag in God se woord.

Ek dink aan die verhaal van Elisa, die profeet, ongeveer drie eeue later. 'n Vyandige koning wil met alle geweld vir Eisa om die lewe bring. Een oggend word Elisa en sy dienskneg waaker, en nes die Israeliete in Barak en Debora se tyd is daar waens. Hulle is omsingel, die koning van Aram se leër; soldate, perde, oorlogswaens ... Sy assistent is in 'n absolute angstoestand, “My heer, wat gaan ons maak?”

Elisa antwoord:

2 Konings 6:16-17

16... Vrees nie; want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is.

17En Elísa het gebid en gesê: HERE, open tog sy oë, dat hy kan sien. En die HERE het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elísa.

Barak en Elisa weet van iets: Gees is sterker as yster. En die Gees is in Tannie Debora ... sy moet saam.

Miskien het jy vandag Psalm 20 se woorde nodig:

Psalm 20:5-8

5Mag Hy u gee na u hart en al u voornemens vervul!

6Ons wil juig oor u oorwinning en die vaandels opsteek in die Naam van onse God. Mag die HERE al u begeertes vervul!

7Nou weet ek dat die HERE sy gesalfde verlos; Hy sal hom verhoor uit sy heilige hemel met magtige daade van verlossing van sy regterhand.

8Sommige roem op strydwaens en ander op perde, maar óns sal roem op die Naam van die HERE onse God.

Barak het iets van God se Gees ervaar toe hierdie vrou met hom praat.

'n Storie oor yster en Gees. En ...

'n Storie oor kerk en nederigheid

Ja, daar is 'n individuele kant aan geloof. Die alleenpad. Niemand kan namens jou glo nie, namens jou gehoorsaam wees nie, namens jou waag en die volgende tree gee nie. Namens jou opoffer nie, namens jou gee nie, namens jou buig nie. Niemand kan vir jou die deel van gehoorsaamheid leef wat net aan jou persoonlik toevertrou is nie. Barak moet self besluit. Hy moet self bereid wees om op te trek teen die vyand. Tog is dit nie dieselfde as om alleen te wees nie. Die geestelike pad is 'n alleenpad ... én 'n saampad.

Selfs Jesus, op die alleenpad na die kruis, vra sy drie naaste vertrouelinge om saam met Hom te waak in Getsemane.

Debora antwoord Barak ...

Josua 4:9

Toe sê sy: Ek sal sekerlik met jou saamtrek ...

Debora. Wat 'n vrou. Dink aan haar dapperheid. Brute fisiese krag was in 'n primitiewe tyd 'n baie groot faktor wat sou bepaal of 'n soldaat lewendig uit 'n geveg sou kom. En tannie Debora. Moeder van Israel. Sy gaan nie as 'n gewapende nie. Sy is baie waarskynlik redelik bejaard. Fisies maak wat sy doen nie sin nie. Menslik gesproke is sy uitgelewer, gaan haar lewe afhang van wat die mans kan uitrig teen hierdie magtige vyand. Maar sy is dáár. Sy gee nie net opdragte uit en bly sit onder haar boom nie.

Dikwels is geestelike raadgewers of leiers gretiger om raad te gee as om dit self toe te pas. Soos ouers wat kinders dissiplineer maar self hulle eie reëls oortree. Dis waarvan Paulus praat in ...

Romeine 2:19-21

... jy is oortuig dat jy 'n leidsman is van blindes, 'n lig vir die wat in duisternis is,

20'n opvoeder van onverstandiges, 'n leermeester van onervarenes, omdat jy die beliggaming van die kennis en die waarheid in die wet het —

21jy dan, wat 'n ander leer, leer jy jouself nie? Jy wat preek dat 'n mens nie mag steel nie, steel jy?

Dink weer aan Barak se karakter. Debora sê sy sal saamgaan, maar waarsku hom ...

Rigters 4:9

... Ek sal sekerlik met jou saamtrek, maar die eer sal nie joue wees op die pad wat jy sal gaan nie; want die HERE sal Sisera in die hand van 'n vrou verkoop ...

Daar is 'n nederige insig in Barak. Dit gaan vir hom nie oor roem of aansien nie. Hy weet hy het hierdie vrou se wysheid en insig, en haar fyn aanvoeling vir God se wil en leiding bitter nodig.

Die persoon wat die hoof van die vyandige magte om die lewe bring sou as 'n held beskou word. Debora waarsku vir Barak dat hy nie die eer sal kry nie; hy gaan nie self vir Sisera, die hoof van die vyandige leer, oorwin nie, dit gaan 'n vrou wees. Maar Barak trek steeds op.

En wat hierdie voorspelling betref was Debora reg ... en ook verkeerd. "Barak, as hierdie verhaal vertel word, gaan jy nie die *top dog* wees nie."

Maar tog, as die Nuwe Testament later die helde van die Ou Testament onthou, dan is Barak die enigste een van al die karakters in ons verhaal van vandag wat onthou word ... selfs tannie Debora is nie op die lys nie.

Hebreërs 11:32-33

En wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gideon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal, wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry [het...]

Barak die dappere. Die nederige. Die een wat bereid is om op te tree en nie daarop aandring dat al die eer aan hom behoort nie. Wat weet hy het die tannie nodig.

En hy het haar baie nodig gehad. Sy was op die ou end onderskei het wat besig is om te gebeur. Sy was die een wat die opdrag gegee het wanneer Barak en sy tienduisend vrywiligers presies moes aanval. Sy was die een wat hulle oortuig dat God met hulle is. Sy was die een wie se woorde en teenwoordigheid hulle tot aksie aangespoor het. En wat gebeur die oomblik toe hulle doen wat Debora sê. God self veg saam. Die Here saai paniek en verwarring in die kamp van die vyand. En die *top dogs* met hulle ysterwaens vlug vir die *underdogs* wat vir twee dekades nie eers op hulle ieie hoofpaaie met hulle eie donkies kon ry nie!

Rigters 4:12-16

12Toe Sisera die nuus hoor dat Barak na die Taborberg toe getrek het, 13het hy al sy soldate en ook sy negehonderd oorlogswaens van yster laat uittrek. Hulle het van Haroset-Hagoïm af beweeg in die rigting van die Kisonspruit. 14Toe sê Debora vir Barak: "Val aan! Want die Here gaan self voor jou uit. Dit is vandag wat Hy Sisera aan jou oorgee!" Barak en sy tienduisend man trek toe van die Taborberg af weg tot op die gelykte, 15en toe hulle teen Sisera begin veg, het die Here paniek gesaai onder Sisera se manskappe en sy oorlogswaens. Sisera self het van sy wa afgespring en te voet weggevlug. 16Maar Barak het die Kanaanitiese leër en strydwaens agternagesit tot by Haroset-Hagoïm en hulle almal doodgemaak. Daar was nie 'n enkele een wat lewendig daar uitgekóm het nie.

Barak oorwin, die Here is by hom. En tannie Debora ...

Met wie omring jy jou? Het jy mense in jou lewe wat met meer as ysterwaens kan veg? Glo jy wat Jesus sê dat daar groter krag daarin is as wat jy ooit kan besef wanneer jy saam met iemand bid? Glo jy dat daar oneindig meer krag is in die een uur op 'n Sondag waar gelowiges saam voor hulle Heer kom?

Matthéüs 18:18-20

18Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.

19Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.

20Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.

Hebreërs 10:24-25

Laat ons dan mekaar help en aanmoedig. Ons moet mekaar liefhê en goed wees vir mekaar. Laat ons nie ophou om na ons byeenkomste toe te gaan nie, al is daar party wat moedswillig wegbly. Maar ons moet mekaar aanmoedig, want julle sien self hoe naby die dag van die Here se koms is.

O die tyd waarin ons leef. Mense is blind vir die misleiding. Voel hulle het kerk nie regtig nodig nie. Sê hulle glo in Jesus maar nie in kerk nie. Wat 'n tragiese en gevaarlike toestand van 'n gelowige. Om te sê jy het dit wat die Skrif Jesus se liggaam noem, sy bruid, nie nodig nie. Om te dink jy kan op 'n allenpad beleef wat net op 'n saampad beskikbaar is. Om te dink jy is veilig terwyl jy eintlik 'n alleenteiken vir 'n baie magtiger vyand as jy alleen is.

'n Storie oor kerk en nederigheid. En ...

'n Storie oor dors, 'n hamer en 'n ysterpen

Kom ons dink laastens oor Sisera, die hoof van die leër van koning Jabin van Kanaän. Vir twintig jaar lank het hy 'n ystergreep oor Israel gehou. Hy het mag, status, en het heel waarskynlik skatryk geword. Toe hy sy negehonderd waens en sy leër daardie dag by Kison bymekaargeroep het, sou jy jou geld op Sisera en sy militêre mag geplaas het. Hy is steeds die *top dog*. En Barak en Tannie Debora? *Underdogs*. Behalwe natuurlik dat die Here self voor hulle uitgetrek het.

Sisera se leër kom in verwarring. Sisera spring van sy ysterwa af. Hy vlug te voet na Heber die Keniet. Daar was vrede tussen koning Jabin en die huis van Heber. Sisera sou 'n goeie rede gehad het om die plek as veilig te beskou. Kom ons lees ...

Rigters 4:17-19

Intussen het Sisera te voet gevlug na Heber die Keniet se tent toe. Dit was net Heber se vrou Jael wat op daardie oomblik by die tent was. Hy het soontoe gevlug omdat Koning Jabin van Hasor en die mense van Heber goeie vriende was. Jael gaan toe uit die tent uit om Sisera buite te gaan ontmoet. "Kom maar in, Meneer," het sy hom genooi. "Kom gerus in die tent in—u hoef nie bang te wees nie." Hy gaan toe in die tent in en gaan lê, en sy het 'n kombers oor hom gegooi. Toe sê hy: "Gee my asseblief 'n bietjie water om te drink—ek is so dors!"

Maar Jael bedrieg vir Sisera. Terwyl hy slaap neem sy 'n hamer en 'n tentpen. Sy slaan die pen met die hamer deur die kant van sy kop, en hy sterf ... in 'n tent van mense wat hy as sy vriende gereken het ...

Ons ken iemand anders wat ook gesterf het net nadat Hy gesê het Hy is dors. Iemand anders wat ook gesterf deur die toedoen hand van hulle wat Hy as sy eie beskou.

Johannes 1:11

Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.

Ons dink vandag aan 'n ander hamer as die hamer wat Sisera se dood veroorsaak het. Ons dink aan iemand anders wie se liggaam ook in die *tent van sy vriende* deurboor is. Iemand anders wie se vriende ook sy vyande geword het.

In die storie van Barak en Debora sterf Sisera onvoorbereid en onbewus. In sy slaap. Maar die

held van die grootste storie van alle tye sterf gewillig, voorbereid en doelbewus—vir my wat sy vyand was. Hy wat my Vriend is, het vir my gesterf toe ek nog sy vyand was.

En as ons vandag die Nagmaal gebruik, onthou ons 'n hamer. Ons onthou 'n Deurboorde. En ons is verwonderd dat ons die geveg van die lewe kan wen, omdat Hy aan ons kant is.

Romeine 5:6-10

Ja, juis toe ons nog totaal hulpeloos was, het Christus vir ons, die goddeloses, kom sterf. 'n Persoon sal kwalik bereid wees om vir 'n regverdige mens te sterf. Miskien sal iemand nog kans sien om vir 'n besonder goeie mens te sterf. God laat blyk sý liefde vir ons egter daarin dat Christus vir ons kom sterf het ten spyte daarvan dat ons nog sondaars was. Ons is nou vrygespreek deur Jesus se dood. Hoeveel te meer sal Hy ons nie, deur Jesus, verlos van die toekomstige oordeel nie! Want as God ons, terwyl ons nog sy vyande was, deur die dood van sy Seun tot sy vriende gemaak het, hoeveel te meer sal Hy ons nie nou dat ons sy vriende is, deur Hom, die lewende Jesus, van die oordeel red nie!